*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kunsgeskiedenis* 2(3/4):

# SAMEVATTING VAN DIE SIMPOSIUM: KUNSGESKIEDENIS IN DIE SUIDER-AFRIKAANSE KONTEKS (RAU, 15 AUGUSTUS 1986)

L. SCHMIDT
Department Kunsgeskiedenis,
Randse Afrikaanse Universiteit
Johannesburg

Die simposium het uit drie sessies bestaan. Elkeen van hierdie sessies is ingelei en afgerond deur 'n voorsitter, terwyl twee sprekers in al drie gevalle die hoofinhoud van die betrokke sessie aangebied het. Verskillende perspektiewe het na vore gekom in elke sessie en hierdie variasie is aangevul deur lewendige argumentasie vanaf die korpus van kunshistorici en studente in die Kunsgeskiedenis wat die simposium bygewoon het. Hieronder volg 'n samevatting van die hoofpunte wat tydens hierdie geleentheid aan die orde gekom het.

Die tema van die eerste sessie was *Temas en metodologie in die Kunsgeskiedenis.* As voorsitter het prof. M.G. Schoonraad (Universiteit van Pretoria) die aandag gevra vir 'n dualiteit tussen die tradisies van Afrika en die Weste en in hierdie verband aangehaal uit geskrifte van Walter Battiss.

Prof. Schoonraad is gevolg deur dr. A. Nettleton (Universiteit van die Witwatersrand) as eerste spreker tydens hierdie sessie. Sy het in die besonder gekonsentreer op die probleme wat Suider-Afrikaanse kunshistorici ondervind met veldwerk wanneer hul poog om die tradisionele kuns van swart bevolkingsgroepe hier te lande te bestudeer. Sy het onder andere in haar referaat genoem dat die staatsburokrasie (om politieke redes) navorsing in hierdie verband baie moeilik maak. Ongelukkig was dr. Nettleton se referaat nie beskikbaar vir publikasie nie.

Dr. G.M. van der Waal (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) het vervolgens as spreker opgetree. Hy het meer in die algemeen gedui op tendense met betrekking tot temas en metodologieë in die Suider-Afrikaanse Kunsgeskiedenis tot op hede. Hiervoor het hy gebruik gemaak van statistieke om te wys op die óórkonsentrasie op sekere gebiede én die leemtes op ander gebiede.

Die volgende sake kan as gemeenskaplik aan die twee referate geïdentifiseer word: a) Beide sprekers het gedui op aktualiteit soos onkreatiewe stereotipes in die Suider-Afrikaanse Kunsgeskiedenis en vervolgend op: b) die noodsaak vir kommunikasie met akademici uit aanverwante vakdissiplines soos die Antropologie; c) die noodsaak vir 'n gesentraliseerde, gesistematiseerde dokumentasiesentrum as databasis; en d) die belangrikheid van begrip vir die proses waardeur kunswerke tot stand kom, vir die funksie wat hul het en vir die kulturele — en interkulturele — kontekste waarbinne hierdie proses en funksie afspeel.

Die bespreking wat gegenereer is deur bogenoemde voorsittersinleiding en die twee referate kan soos volg saamgevat word:

(a) Argumente is gestel vir die Suider-Afrikaanse kunshistorikus se oriëntering in terme van die konteks waarbinne hy werk. Die gevaar van die superponering van Europese en Amerikaanse temas en metodologieë op die situasie alhier is genoem. Die kwessie van die Boesmankuns is as 'n voorbeeld aangehaal om te dui op die gebrek aan geskrewe literêre tradisies en bronne by die bestudering van baie van die kuns van Suider-Afrika. In hierdie verband is gepleit vir 'n hersiening van bestaande literêrgeoriënteerde metodologieë gebaseer op Europese en Amerikaanse tradisies.

(b) Bespreking het ook gefokus op die probleem van dokumentasie vir die Kunsgeskiedenis in Suider-Afrika. Vele argumente én teenargumente is in hierdie verband gestel: (i) Vorige gefaalde pogings is genoem. (ii) Die probleme met onvoldoende finansiering het aan die orde gekom. (iii) Dokumentasie is as vervelig afgemaak. (iv) Daarteenoor is gestel dat dokumentasie die navorser in direkte kontak met sy studiemateriaal bring. (v) Die vraag is gevra in watter mate dokumentasie geïntegreer kan, en behoort te word in Kunsgeskiedenisleergange. (vi) 'n Ander vraag het sentreer om die huidige beskikbaarheid, toeganklikheid en moontlike duplisering van dokumentasie. (vii) 'n Verdere vraag het gehandel oor hoe Suider-Afrikaanse kunshistorici deur middel van 'n dokumentasieprojek in kontak kan kom met akademici uit aanverwante vakdissiplines. (viii) Opmerkings oor "blokkades" in die versameling van dokumentasie het aangesluit by dr. Nettleton se referaat. (ix) Die herhaling van die noodsaak vir 'n gesentraliseerde, gesistematiseerde dokumentasiesentrum het aangesluit by dr. Van der Waal se referaat. (x) In bogenoemde verband is daar konsensus bereik. Daar is gestel dat probleme waarskynlik oorkom kan word indien Suider-Afrikaanse kunshistorici 'n gesamentlike argument kan uitmaak vir die opvoedkundige implikasies van 'n visuele "taal" (en dus vir die dokumentasie daarvan); en ook indien almal sou saamwerk om die vakgebied op 'n duideliker en meer fundamenteel gestruktureerde metodologiese basis te vestig.

c) Die bespreking het voorts gekonsentreer op die "wie, wat, hoe en waar" van Suider-Afrikaanse kunshistorici se kommunikatiewe aansluiting by die navorsing van akademici uit aanverwante dissiplines.

d) Laastens is die vraag gestel hoe nuwe insigte deur kommunikasie met akademici uit aanverwante vakgebiede aan studente in die Kunsgeskiedenis deurgegee kan word. Soos in die geval van die vorige punt, het 'n vaagheid rondom hierdie argument opgeval.

Die tema van die tweede sessie was *Die simbool in die kuns.* As voorsitter het prof. G.M. Ballot (Potchefstroomse Universiteit vir CHO) standpunt ingeneem teen die redusering en vereenvoudiging van die "simbool" in die kuns; en het hy die kwessie van alternatiewe benaderings ten opsigte van die "simbool", asook die variërende kontekste waaruit die "simbool" ervaar word, aan die orde gestel.

Prof. D.J. van den Berg (Universiteit van die Oranje-Vrystaat) het gevolg as eerste spreker met 'n referaat getitel "Diakroniese, perkroniese en sinkroniese dimensies van kunshistoriese simboolhermeneutiek". Die hipotese waarvan hy uitgegaan het, is dat die "simbool" 'n komplekse, meersinnige, metaforiese figuur is en dat die "simboliese" modus 'n besondere sinproses is, soos deur U. Eco gekenmerk as 'n "content nebula" of hele netwerk van verhoudinge. Prof. Van den Berg het voorts daarop gedui dat die waarde van die "simbool" lê in die "verhouding" (van watter aard ookal) tussen die pre-ikonografiese motief en die ikonografiese tema — en dat vormsamehang ook hier 'n rol speel — en nié in die eie "substansie" van motief, tema of vormsamehang nie.

Prof. Van den Berg het ook kommentaar op die metodologie van Erwin Panofsky, in dié se omgang met die "simbool", gelewer. Hy het gestel dat Panofsky se simboolbegrip in diakroniese terme die kunswerke van die Antieke tyd, die Middeleeue en die Nuwe tyd kan akkommodeer, maar nie in sinkroniese terme dié van die Prehistoriese, Modernistiese en Post-Modernistiese epogge nie. Die rede hiervoor het prof. Van den Berg gevind in 'n ongerealiseerde begrip by Panofsky van perkroniese tradisies.

Prof. Van den Berg het voorts gestel dat juis die niegeakkommodeerde epogge in Panofsky se sisteem dié is wat die "simbool" as misties, a-materieël en divinatories beleef, dit wil sê as "funksie" eerder as "substansie". In hierdie verband het hy daarop gedui dat sulke epogge vir ons as Post-Modernistiese kunshistorici juis van belang is as ons navorsing wil doen binne die konteks van Suider-Afrika. In hierdie terme het hy verwys na die vroeëre gesprek oor die Boesmankuns sonder literêre tradisies en bronne, en gepleit vir aandag deur die Suider-Afrikaanse kunshermeneutici aan juis dit wat ongesê is; wat selfs materieel nie aanwesig is nie; en wat juis oopgelaat en weggelaat is.

Prof. E.P. Engel (Randse Afrikaanse Universiteit) het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

prof. Van den Berg gevolg as spreker met die onderwerp "Die simbool as probleem". In sy referaat het hy — alhoewel metodologies vanuit 'n heel ander hoek — aangesluit by die kollega wat voor hom aan die woord was.

Prof. Engel het begin met 'n beskrywing en interpretasie van 'n skildery deur Alexis Preller. (Die basis hiervoor is gelê deur navorsing oor die skildery deur 'n student aan die RAU, mej. T. van der Merwe.) Daarin het hy gestel dat pre-ikonografiese motief en/of ikonografiese tema dikwels verwar word met die "símbool" as "sintese van vormsamehang, motief en tema". Hierdie argument het weer eens gedui op die sentraliteit van die "verhoudinge" tussen betekenislae eerder as op die isolasie van "substansies" in 'n kunswerk.

Deur sy beskrywing en interpretasie van Preller se skildery het prof. Engel geïdentifiseer dat 'n "simboliese" skilderkuns eerder opgebou is uit visuele "begrippe" as uit visuele "indrukke". Deur hierdie identifisering het hy — anders as prof. Van den Berg en wel in aansluiting by Panofsky se praktyk (eerder as laasgenoemde se gestelde metodologie) — gesuggereer dat slegs sómmige skilderye "simbolies" is (en juis in die spanning tussen vormsamehang, mofief en tema) en ander nié vanweë die afwesigheid van só 'n spanning.

Alhoewel proff. Van den Berg en Engel in hul referate die betrokke onderwerp so onbegrensd as moontlik gestel het, ter wille van kreatiewe bespreking, het dié sessie volstaan met 'n gesprek tussen die voorsitter en twee sprekers. Die afleiding wat onwillekeurig gemaak is, was dat terminologiese verskille kommunikasie gekortwiek het én dat die gehoor nie die metodologiese agtergrondsredes vir dié probleem verstaan het nie en daarom ook geen bydrae tot die oorkoming daarvan kon lewer nie. In hierdie verborge sin het die tweede sessie van die simposium miskien meer bygedra tot die *probleem* van "temas en metodologie in die konteks van die Suider-Afrikaanse Kunsgeskiedenis" as die eerste sessie wat dit as eksplisiete onderwerp gehad het.

Die tema van die derde sessie was *Interdissiplinêre en interkulturele aspekte.* As voorsitter het prof. K. Tomaselli (Universiteit van Natal) in die eerste plek die terme "interdissiplinêr" en "interkultureel" onder die loep geneem. Die essensie van sy argument was dat sulke terme dikwels betekenisloos raak as gevolg van (politieke) wangebruik en manipulering. Hierin het prof. Tomaselli enersyds aangesluit by dr. Nettleton (vergelyk die eerste sessie) se suggestie van blokkades in die weg van die kunshistorikus in Suider-Afrika; en andersyds by prof. Ballot (vergelyk die tweede sessie) se standpunt teen die redusering en vereenvoudiging van die "simbool".

Prof. Tomaselli is gevolg deur dr. E.A. Maré (Universiteit van Suid-Afrika) as eerste spreker met die onderwerp "Die opleiding van argitektuurhistorici in Suid-Afrika". Dr. Maré het gepleit teen 'n fragmentariese en oppervlakkige beskouing van die argitektuur in teoretiese sin én in terme van die werklikhede van 'n derdewêreld-land. Sy het veral gekonsentreer op die konkrete probleme van behuising vir die swart bevolking van Suider-Afrika en haar argument in hierdie verband kan soos volg opgesom word:

(a) Argitekte in Suider-Afrika lewe in 'n invoortoring waarin estetiese oorwegings die toon aangee, terwyl dringende en onopgelosde behuisingsbehoeftes die sosiale struktuur van die oorgrote deel van Suider-Afrika se bevolking deprimeer. (b) Die staatsburokrasie steun die elitisme van argitekte (en ander professies) in Suid-Afrika, sonder om die behoeftes van die oorgrote deel van die bevolking in ag te hou. (c) Inwoners van huise en behuisingskomplekse (en hul sosiale en ander behoeftes) word nie in ag geneem wanneer dit gaan om beplanning nie. (d) Die resultaat van die vorige drie punte is 'n diskrepansie tussen "spesifieke behoefte" en "algemene voorsiening" wanneer dit om behuising vir die swart bevolking van Suider-Afrika gaan.

Prof. J. Heidema het van buite die Kunsgeskiedenis (Wiskunde, Randse Afrikaanse Universiteit) hierop gevolg met 'n referaat getitel "'n Raamwerk vir interdissiplinêre en interkulturele perspektiewe op Kunsgeskiedenis". In teenstelling met die sosiaal-politieke betrokkenheid wat gespreek het uit dr. Maré se referaat, het hy — vanuit die konteks van die logika en die hermeneutiek — gesoek na koördinate waarvolgens die argitektuur (en dus ook die opleiding van argitektuurhistorici, o.a. in Suider-Afrika) 'n metodologiese basis sou kon vind.

Die bespreking na aanleiding van sessie drie het weinig aandag geskenk aan die referaat deur prof. Heidema. Daarteenoor is heelwat tyd bestee aan gesprek oor die voor- en nadele van 'n elitistiese teenoor 'n meer (of selfs radikaal) sosiaal-georiënteerde strategie met betrekking tot behuising in Suider-Afrika. Hierdeur het die toehoorder ervaar dat sake wat intrinsiek aan die Kunsgeskiedenis en dié se só noodsaaklike metodologiese fundering is, opsy geskuif is deur òf onbetrokkenheid daarby òf deur die blykbare groter aktualiteit van oorwegings ekstrinsiek aan die Kunsgeskiedenis. W.E. Kleinbauer se *Modern Perspectives in Art History* (1971) het reeds op die waarde van beide intrinsieke én ekstrinsieke benaderings tot die Kunsgeskiedenis gedui. Miskien is die opgaaf aan huidige Suider-Afrikaanse kunshistorici juis om eerstens die veranderlikes van beide hierdie strategieë duidelik te verstaan, en om tweedens 'n kreatiewe wisselwerking daartussen te bewerkstellig.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services